

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

GESKIEDENIS V2

STANDAARDGRAAD

FEBRUARIE/MAART 2007

503-2/2

**GESKIEDENIS SG: Vraestel 2
Vraestel & Addendum**

PUNTE: 150



503 2 2A

SG

TYD: 2¹/₂ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n ADDENDUM van 12 bladsye.

X05



INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat daar besluit watter vrae beantwoord gaan word:

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.
4. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.
5. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag uit dieselfde tema te beantwoord.
6. Beantwoord DRIE vrae:
 - 6.1 MINSTENS EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.
 - 6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**
7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
8. Tyd toegelaat vir die vraestel moet effektief in die beantwoording van die vrae gebruik word, verkieslik 40 minute per vraag.
9. Die blote oorskryf van bronne in die beantwoording van vrae sal kandidate benadeel.
10. Skryf duidelik en leesbaar.

AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 1A

Verduidelik waarom die Europese koloniale moondhede gedwing was om onafhanklikheid aan die Afrika-kolonies, gouer as wat verwag was, toe te ken.

[50]

OF

VRAAG 1B

Bespreek hoe die uitdagings van die Afrika-state onrus en onstabiliteit na onafhanklikheid in die kontinent van Afrika teweeg gebring het.

[50]

VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 2A

Beskryf die ekonomiese beleidsrigtings wat deur Lenin tussen 1917 en 1924 gevolg is.

[50]

OF

VRAAG 2B

Met verwysing na die Vyfjaarplanne, verduidelik hoe Stalin Sowjet-Rusland in 'n ekonomies selfonderhoudende land hervorm het.

[50]

VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 3A

Bespreek die ineenstorting van die Wallstraat-aandelebeurs en die gevolge daarvan in die Verenigde State van Amerika.

[50]

OF

VRAAG 3B

Verduidelik hoe die alfabet-agentskappe van Roosevelt se 'New Deal'-beleid bygedra het tot die ekonomiese herstel van die Verenigde State van Amerika.

[50]

AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in die ADDENDUM.

VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**4.1 WAAROM HET DIT NOODSAAKLIK GEWORD VIR DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE)?**

Bestudeer Bronne 4A en 4B om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Bestudeer Bron 4A.

(a) Wat was Selassie se visie vir Afrika? (1 x 1)(1)

(b) Wat, volgens Selassie, was die hindernisse op die pad van eenheid in Afrika? (2 x 1)(2)

4.1.2 Met verwysing na Bron 4A, verduidelik waarom Selassie geglo het dat eenheid belangrik was vir Afrika. (1 x 2)(2)

4.1.3 Verwys na Bron 4B. Verduidelik wat Nkrumah bedoel het met 'Ons vryheid word bedreig solank as wat die onafhanklike state van Afrika afsonderlik staan'. (1 x 3)(3)

4.1.4 Deur Bron 4B en jou eie kennis te gebruik, verduidelik waarom Nkrumah geglo het dat 'Pan-Afrika en nie Eur-Afrika' die wagwoord en gids vir die beleidsrigtings in Afrika behoort te wees. (1 x 2)(2)

4.1.5 Hoe ondersteun die toespraak van Nkrumah in Bron 4B die toespraak van Selassie in Bron 4A? (2 x 2)(4)

4.1.6 Wat vertel Bronne 4A en 4B jou van die gesindheid van die Afrika-leiers? (1 x 2)(2)
(16)

4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE) OM SY DOELSTELLINGS TE BEREIK?

Bestudeer Bronne 4C en 4D om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Bestudeer Bron 4C.

(a) Watter boodskap dink jy dra die tekening oor? (1 x 2)(2)

(b) Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie tekening vir 'n historikus wat die burgeroorlog in Sentraal-Afrika bestudeer. (2 x 2)(4)

- 4.2.2 Gebruik Bron 4C en jou eie kennis. Hoe dink jy behoort die OAE betrokke te raak in die belange van kinders? (2 x 2)(4)
- 4.2.3 Op watter wyse ondersteun die bewyse in Bron 4D die bewyse in Bron 4C? (2 x 2)(4)
- 4.2.4 Verwys na Bron 4D. Hoe beskou die Britse Uitsaaikorporasie (BBC) die rol van die OAE? (1 x 2)(2)
- 4.2.5 Deur jou eie kennis en Bron 4D te gebruik, verduidelik waarom die OAE 'slegs 'n baie klein rol kon speel'. (2 x 2)(4)
- 4.2.6 Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 4D in die evaluering van die prestasies van die OAE. (2 x 2)(4)
- 4.2.7 Deur Bronne 4C, 4D en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) waarin die tekortkominge van die OAE beskryf word. (10)
(34)
[50]

VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

5.1 WAT WAS DIE ARGUMENTE VIR EN TEEN DIE PAAIBELEID?

Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C en 5D om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Verwys na Bron 5A.

- (a) Wat was, volgens standpunt 1, die rede waarom die paaibeleid ondersteun moet word? (1 x 2)(2)
- (b) Waarom was die Britte, volgens standpunt 2, ten gunste van die paaibeleid? (1 x 2)(2)
- (c) Verwys na standpunt 3.
- (i) Waarom verwys Neville Chamberlain in 1938 na die paaibeleid? (1 x 2)(2)
- (ii) Watter argument voer hy aan ter ondersteuning van die paaibeleid? (1 x 2)(2)

- (d) Deur standpunt 4 in Bron 5A en jou eie kennis te gebruik, verduidelik waarom die toespraak van Chamberlain nie as betroubaar beskou kan word nie. (1 x 3)(3)
- 5.1.2 Bestudeer Bron 5B.
- (a) Waarom was Churchill, volgens standpunt 1, besorgd oor die paaibeleid? (1 x 3)(3)
- (b) Waarom verwys Churchill spesiaal na die Franse leër? (1 x 3)(3)
- (c) Wat was die standpunte van die *Yorkshire Post* oor Chamberlain en sy paaibeleid? (1 x 3)(3)
- 5.1.3 Hoe weerspreek standpunt 2 in Bron 5B standpunt 4 in Bron 5A? (2 x 2)(4)
- 5.1.4 Hoe ondersteun Bron 5C Chamberlain se standpunte oor die paaibeleid? (2 x 2)(4)
- 5.1.5 Verwys na Bron 5D.
- (a) Watter boodskappe hoop die spotpenttekenaar om oor te dra oor die paaibeleid? (2 x 2)(4)
- (b) Op watter wyse weerspieël hierdie spotprent Brittanje en Frankryk se verraad van die kleiner lande? (1 x 3)(3)
- (c) Hoe weerspreek die opskrif 'Europa kan uitsien na 'n Kersfees van vrede' die boodskap wat in die spotprent uitgebeeld word? (2 x 2)(4)
- 5.1.6 Deur jou eie kennis en al die bronne te gebruik, skryf 'n paragraaf van ongeveer 11 reëls (ongeveer 110 woorde) om te verduidelik waarom die paaibeleid van Chamberlain nie suksesvol was nie. (11)
[50]

**VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGS EN GEBEURE:
DIE KOUE OORLOG****6.1 WAT WAS DIE REDES VIR DIE OPRIGTING VAN DIE BERLYNSE MUUR?**

Gebruik Bronne 6A, 6B, 6C, 6D en 6E om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

- (a) Hoe, volgens die regering van Oos-Duitsland, het die westerse moondhede Wes-Berlyn as 'n sentrum vir aktiwiteite gebruik? (3 x 1)(3)
- (b) Watter maatreëls het die regering getref om hierdie aktiwiteite te staak? (1 x 2)(2)

6.1.2 Verwys na Bron 6B.

- (a) Noem TWEE redes, deur D.F. Fleming aangegee, vir die oorloop van Oos-Duitsers. (2 x 1)(2)
- (b) Hoe het die oorlopers Wes-Duitsland vanaf Wes-Berlyn bereik? (1 x 1)(1)
- (c) (i) Watter soort mense wou oorloop na Wes-Duitsland? (2 x 1)(2)
- (ii) Waarom dink jy het hierdie mense oorgeloop? (1 x 2)(2)
- (d) Verduidelik waarom die VSA soveel geld belê het om Wes-Berlyn te ontwikkel? (1 x 2)(2)

6.1.3 Met verwysing na Bron 6B, waarom dink jy was dit maklik vir die Westerse moondhede om hul agente van Wes-Berlyn na Oos-Duitsland te smokkel? (1 x 2)(2)

6.1.4 Bestudeer Bron 6C.

- (a) Waarom dink jy was die getal wat oorgeloop het die laagste in 1962? (1 x 2)(2)
- (b) Verduidelik of jy dink dat die oprigting van die muur 'n sukses was. (1 x 2)(2)

6.1.5 Verwys na Bronne 6A en 6B. Hoe verskil Bronne 6A en 6B in hul redes wat hul aangee vir die oprigting van die muur? (2 x 2)(4)

6.1.6 Bestudeer Bronne 6B en 6C. Verduidelik hoe Bron 6C die redes vir die oprigting van die muur in Bron 6B ondersteun. (2 x 2)(4)

6.1.7 Verwys na Bron 6D.

- (a) Hoe het Ursula gevoel oor die sluiting van die grens? Haal uit die bron aan om jou antwoord te ondersteun. (1 x 2)(2)
- (b) Waarom dink jy was so baie mense blykbaar ongelukkig toe hulle die nuus hoor dat die grens gesluit was? (1 x 2)(2)
- (c) Watter onmiddellike uitwerking het die sluiting van die grens op Ursula se lewe gehad? (1 x 2)(2)

6.1.8 Verwys na Bron 6E. Hoe illustreer Norman Gelb die teenstelling in ervaringe tussen Oos- en Wes-Berlyn? (2 x 2)(4)


6.1.9 Verwys na Bronne 6B en 6E. Watter bewyse is daar in Bron 6E wat Bron 6B ondersteun? (2 x 2)(4)

6.1.10 Gebruik die bewyse in al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die Oos-Duitse regering dit nodig gevind het om die Berlynse Muur te bou. (8)
[50]

TOTAAL: 150

**GESKIEDENIS V2
ADDENDUM
STANDAARDGRAAD
FEBRUARIE/MAART 2007**

X05



VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**4.1 WAAROM HET DIT NOODSAAKLIK GEWORD VIR DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE)?****BRON 4A**

Dit is 'n uittreksel uit 'n toespraak van Haille Selassie van Ethiopië wat gelewer is by die stigtingsvergadering van die OAE. Selassie se woorde weerspieël die optimisme wat die stigting van die OAE voorafgegaan het.

Vandag kyk ons kalm, met selfvertroue en met waagmoed na die toekoms. Ons kyk na die visie van 'n Afrika, nie bloot bevry nie, maar verenig Ons weet daar is verskille tussen ons. Afrikane bestaan uit verskillende kulture, met onderskeidende waardes en spesiale eienskappe. Maar ons weet ook dat eenheid kan en is bereik onder mense met ongelyke herkoms, dat verskille tussen ras, van godsdiens, of kulture, of tradisie nie onoorkombare hindernisse vir die samekoms van mense is nie. Geskiedenis leer ons dat eenheid mag is, en maan ons om ons verskille te onderdruk en te oorkom in ons soeke na gemeenskaplike doelstellings Dit is ons plig en voorreg om die sluimerende reus van Afrika wakker te maak ... tot die visie van 'n enkel-Afrika-broederskap wat sy verenigde pogings draai in die rigting van die bereiking van 'n groter en edele doel.


BRON 4B

Dit is 'n uittreksel uit 'n toespraak van Kwame Nkrumah van Ghana wat in 1963 by die stigtingsvergadering van die OAE gelewer is.

Ons vryheid word bedreig solank as wat die onafhanklike state van Afrika afsonderlik staan Ek is oortuig dat die kragte wat eenheid aanwakker baie swaarder weeg as dié wat ons verdeel. Tydens ontmoetings met mede-Afrikane van alle dele van die kontinent word ek gedurig beïndruk met hoeveel ons in gemeen het. Dit is nie ons koloniale verlede of die feit dat ons gemeenskaplike doelstellings het nie, dit is iets wat ver dieper strek. Ek kan dit ten beste beskryf as 'n gevoel van eenheid dat ons Afrikane is ... Pan-Afrika en nie Eur-Afrika moet die wagwoord en gids vir ons beleide wees.

4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE) OM SY DOELSTELLINGS TE BEREIK?**BRON 4C**

Dit is 'n foto van 'n jong oorlewende van die burgeroorlog in Sentraal-Afrika. Die oorlewende hou 'n tekening vas wat die ewels van die burgeroorlog illustreer. Dit blyk dat die tekening vaslê hoe mense geslaan was tydens die oorlog, daarvan gevlug, hul huisdiere en huis agtergelaat het.

**BRON 4D**

Dit is 'n uittreksel uit 'n artikel van die Britse Uitsaai-korporasie (*BBC*) rakende die geskiedenis van die OAE wat in 1999 gepubliseer is.

Die OAE was ook gekritiseer omdat hulle min of weinig gedoen het om die lewensstandaarde in die wêreld se armste vasteland te verbeter. Maar net soos enige ander internasionale liggaam, kan dit slegs so sterk wees as wat die lidstate dit toelaat om te wees.

Die regeerders van state het jaloers gewaak teen enige buitelandse inmenging wat hul heerskappy bedreig het.

Gevolgtreklik kon die OAE slegs 'n beperkte rol speel om die baie politieke konflikte in Afrika te keer of selfs om hulp te verleen om die Afrika-ekonomieë te integreer.

VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET.**5.1 WAT WAS DIE ARGUMENTE VIR EN TEEN DIE PAAIBELEID?****BRON 5A**

Die volgende verskillende standpunte is geneem uit *Essential Modern World History*, Steven Waugh. Dit gee die argumente vir die implementering van die paaibeleid.

STANDPUNT 1

Harold Nicolson, een van die Britse afgevaardigdes by Versailles in 1919, het die volgende opmerking gemaak:

Die verdrae van Versailles was nóg regverdig nóg verstandig.

Daar is nie 'n enkele persoon onder die jonger mense wat nie ongelukkig oor die bepalings voel nie.

STANDPUNT 2

H.A.L. Fisher, *History of Europe*, 1936, meld waarom die Britte ten gunste van die paaibeleid was.

Hitler is 'n waarborg dat Russiese kommunisme nie weswaarts sal uitbrei nie.

STANDPUNT 3

Neville Chamberlain meld in 1938 waarom hy die paaibeleid verkies het.

Ek is self 'n man van vrede tot in die diepte van my siel. Gewapende konflik tussen nasies is vir my 'n nagmerrie.

STANDPUNT 4

Chamberlain spreek die Kabinet in September 1938 toe:

Hitler sou nie doelbewus 'n persoon bedreig wat hy vertrou nie. Ek het 'n invloed oor Hitler uitgeoefen en derhalwe kan hy nou vertrou word.

BRON 5B

Die volgende verskillende standpunte is geneem uit *Essential Modern World History*, Steven Waugh. Dit gee die argumente teen die implementering van die paaibeleid.

STANDPUNT 1

'n Toespraak deur Winston Churchill in 1938:

Europa word in die gesig gestaar deur 'n program van aggressie. Daar is slegs een keuse om uit te oefen, nie slegs vir ons nie maar ook vir ander lande. Of om oor te gee soos Oostenryk of om, terwyl daar nog tyd daarvoor is, doeltreffende maatreëls te tref om die gevaar af te weer. Waar sal ons wees binne twee jaar wanneer die Duitse leër sekerlik groter as die Franse leër sal wees

STANDPUNT 2

Die *Yorkshire Post*, Desember 1939 – drie maande na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog

Deur herhaaldelik aan druk oor te gee, het Chamberlain aggressie aangemoedig. Chamberlain se beleid was altyd gebaseer op 'n noodlottige misverstand van die denke van diktators.

BRON 5C

Die volgende uittreksel is geskryf deur Chamberlain voordat hy Eerste Minister geword het. Dit is geneem uit *Modern World History*, Tony McAleavy.

Oorlog oorwin niks nie, maak niks gesond nie, beëindig niks nie. Wanneer ek dink aan die 7 miljoen jong mans wat in die fleur van hul lewe gesterf het, die 13 miljoen wat vermink of geskend is, die ellende en lyding van die moeders en vaders ... in oorlog is daar geen wenners nie, maar almal is verloorders.


BRON 5D

Die volgende spotprent deur David Low toon kritiek teen die paaibeleid en stel voor dat Hitler speel-speel die klein lande wat hul vertrou in Brittanje en Frankryk geplaas het, vernietig.

Afrikaanse vertaling van byskrifte:

Oostenryk; Tsjeggo-Slowakye; Pole; Hongarye; Joego-Slawië; Roemenië; Boelgarye; Griekeland; Turkye

'Europa kan uitsien na 'n Kersfees van vrede', sê Hitler.



Duitsland
 verower alles

**VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURE:
DIE KOUE OORLOG****6.1 WAT WAS DIE REDES VIR DIE OPRIGTING VAN DIE BERLYNSE MUUR?****BRON 6A**

'n Verklaring deur die regering van Oos-Duitsland op 10 Augustus 1961 waarin hulle die oprigting van die Berlynse muur regverdig. Daar is tydens die nag van 12 – 13 Augustus begin met die bou van die muur.

Die Westerse moondhede het Wes-Berlyn gebruik as 'n sentrum vir aktiwiteite gemik teen die Duitse Demokratiese Republiek [Die Russiese naam vir Oos-Duitsland]. Daar is meer sentrums vir spioenering in Wes-Berlyn as enige plek in die wêreld. Hierdie sentrums smokkel hul agente na die Duitse Demokratiese Republiek. Hul werk is om dade van sabotasie te pleeg, spioene te werf en om opstande en demonstrasies te ontlok. Die regering se plan sal al hierdie aktiwiteite keer. Doeltreffende kontrole sal gevestig word in Wes-Berlyn, insluitend in sy grens met demokratiese Berlyn. Die beskerming van onself sal bydra tot vrede.

BRON 6B

Die historikus D.F. Fleming gee in *The Cold War and its Origin, Vol. II*, (1961) 'n uiteensetting van die redes vir die oprigting van die Berlynse Muur.

Die enklawe van Berlyn was ondraaglik vir die Ooste [as gevolg van die] aanstoot wat Wes-Berlyn vir die Kommunistiese Ooste was. Dit was 'n skitterende buitepos van kapitalisme, luuks by vergelyking, vooruitstrewend, bedrywig. Die Verenigde State het \$600m in Wes-Berlyn belê. Wes-Duitsland het ook grootliks bygedra om dit 'n glinsterende voorbeeld van ons lewenswyse te maak

Die ekonomiese vergelyking was skadelik genoeg, maar die vergelyking tussen die individuele vryhede in Wes-Berlyn en die beheerde, streng polisie kontrole daarom was erger. Hierdie kontras het daartoe gelei dat 300 000 Oos-Duitsers jaarliks na Wes-Berlyn oorgeloop het en per vliegtuig na Wes-Duitsland geneem is. Hulle was meestal jong, talentvolle, opgevoede en professionele mense – 'n verlies wat nie onbepaald toegelaat kon word nie Sedert 1949 het drie miljoen mense deur die Berlynse ontsnappingsluik gegaan en dit het gelei tot 'n afname in die bevolking. Hierdie magneet het onderhoudend gewerk.

In Wes-Berlyn was ook die grootste kombinasie van spioenagentskappe wat ooit op een plek versamel was. Dit was byna ondenkbaar om al die sentrums van moderne intelligensie agentskappe, insluitend sabotasie, 110 myl diep in 'die vyand' se gebied te agtervolg. Dieselfde voordeel het ook die Westerse radiostasies en alle ander propaganda takke te beurt geval.

Vir al hierdie redes was Wes-Berlyn 'n diep sweer vir die Ooste, wat uitgesny moet word indien dit ooit moontlik was. Die enigste rede vir verrassing was dat die tweede Berlynse krisis solank uitgestel was.

BRON 6C


'n Grafiek wat die aantal mense wat oorgeloo het van Oos- na Wes-Duitsland tussen 1949 en 1964 toon.

Afrikaanse vertaling van byskrifte:

Number of East Germans defecting to the West – Getal Oos-Duitsers wat na die Weste oorgeloo het.

Number of defectors – Aantal oorlopers

Years - Jare



BRON 6D

Die volgende uittreksel is geneem uit 'n berig van die Berlynse Muur-krisis deur 'n Amerikaanse joernalis C. Cate in *The Ides of August: The Berlin Wall Crisis of 1961*. Die uittreksel verwys na die ervaringe van 'n jong Oos-Berlyner, Ursula Heinemann, nadat sy ontdek het dat die grens gesluit was gedurende die nag van 12 - 13 Augustus 1961. Op daardie stadium het sy as 'n kelnerin by 'n hotel in Wes-Berlyn gewerk.

Die son was aan die opkom oor die oostelike horison toe sy die stasie bereik. Sy stap vinnig na die kaartjie toonbank en laat val drie tien-fennig [Duitse geldeenheid] stukke in die metaalbak. Agter die glasafskorting skud die kaartjie verkoper haar kop en stoot die drie muntstukke terug na haar ... 'Nein!, Nein! [Nee!,Nee!] Neem terug jou fennig! Daar is nie meer ritte na Wes-Berlyn nie!'

Op daardie oomblik het Ursula die geluid van stewels gehoor op die trappe wat na die S-bahn [stasie] platform lei. Vyf Trapos (Oos-Duitse Vervoerpolisie) in swartgeklede uniform het verskyn, elk met 'n geweer waaraan 'n bajonet geheg was. In 'n kits het die kille waarheid tot haar deurgedring en sy het paniekerig geraak. Hulle het gekom om haar te arresteer, op daardie oomblik, op heter daad betrap toe sy wou vertrek na Wes-Berlyn!

Sy het nie ophou hardloop tot sy by die woonstelgebou bereik het nie. Sy was so uitasem dat sy skaars kon sien. Sy het een knoppie gedruk, toe 'n ander, toe al die knoppies. Wat maak dit saak op 'n dag soos hierdie!

Gou het verskrikte stemme deur die gonser gekom. 'Wie is dit? Wat is dit?'

'Hulle het die grens gesluit! Hulle het die grens gesluit!' het sy histories herhaal, en aanhou die nuus geskree nadat die knip van die voordeur oopgemaak is. 'Hulle het die grens gesluit!' het sy gehyg terwyl sy haastig die trappe opgeklim het.

In 'n oomblik was al die woonsteldeure oop en het dit in die gange weergalm met verbaaste uitroepe. Dit het gelyk asof almal gehuil het

Haar gevoelens, het sy gou ontdek, is deur almal gedeel.

BRON 6E

Dit is 'n uittreksel uit die boek *The Berlin Wall* waarin Norman Gelb sy ervarings in beide Wes- en Oos-Berlyn beskryf om en by die tyd wat die Berlynse Muur in 1961 gebou was.

[Wes-Berlyn het] smaakvolle winkels wat die nuutste modes vertoon het asook elegante reisgoedere [en kafees waar] die keurigste vrugteroomys ... geniet kan word en ... die lekkerste blok van haselneut Torte [koek] gevul met groot stukke spierwit, verskriklike ryk [geklopte room]....

[In Oos-Berlyn] het ek verby die deur van 'n groentehandelaar gestap en 'n ry van omtrent vyf-en-twintig mense gesien ... Ek het in die ry gaan staan net om uit te vind...dat ek vir twintig minute moes wag vir... aartappels ... Vleis is taamlik beperk ... Botter word op die oomblik gerantsoeneer tot 'n halwe pond per kop per week ... Dikwels, in die somermaande, raak die botter en melk sleg voordat jy by die huis aankom omdat min winkels oor yskaste beskik het.

ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

- Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12*, Cape Town: Oxford
- Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
- Brooks, R. 1985 *The Modern World since 1870*,; Unversity Tutorial Press
- Brooman, J. 1989 *The World Since 1900*, United Kingdom: Longman Group
- Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10*, Cape Town: Juta
- Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World*, Melbourne: Macmillan
- Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
- Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History*, London: Collins Educational
- Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
- Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War*, London: Batam Press
- Govender, S.P. et. al. 1999 *New Generation History Standard 10*, Musgrave
- Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
- Hodge, T. 1993 *Understanding History*, Hong Kong: Heinemann Educational
- Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa*, New York: University Press
- Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd
- Taylor, A.J.P. 1961 *The Origins of the Second World War*, London
- Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War*, London: Causeway Press Ltd
- Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini*, London: Wayland Publishers
- McAleavy, T. 1996 *Modern World History*, United Kingdom: Cambridge University Press
- Noble, T. 1994 *Western Civilization*, London
- O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
- Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
- Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History*, London: Hodder & Stoughton
- Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
- Prockter, R. 1970 *Nazi Germany*, London: The Bodley Head Publishers
- Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century*, Stanley: Thornes
- Scott, J. 1989 *The World Since 1914*, Oxford: Heineman
- Seleti, Y. (Editor) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
- Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History*, London: Edward Arnold Publishers
- Shillington, K. 1989 *History of Africa*
- Speed, P. & M. 1986 *The Modern World*, Somerset: Oxford
- Tate, N. 1989 *People Events in the Modern World*, Great Britain: British Publishers
- Traynor, J. 1991 *Challenging History Europe 1890 – 1990*, London: MacMillan Education Limited
- Walsh, B. 1996 *Modern World History*, London: John Murray Publishers Ltd
- Wagh, S. 2001 *Essential Modern World History*, United Kingdom: Nelson Thornes Limited
- Wilson, D.A. No date *Peoples, Revolutions, and Nations*, No place: Evan